

## Woensdag 4 Mei

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-19; HK Sondag 11, Vraag 29**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:18**

### Jesus bewerk versoening by God

Jesus kon ons alleen van ons sondes verlos as Hy ons terselfdertyd met God kon versoen. Volgens die woorde wat in die Nuwe Testament vir *versoening* gebruik word, het versoening twee aspekte wat ten nouste met mekaar verband hou. Eerstens beteken versoening die herstel van verhoudings wat versteur is, in hierdie geval die verhouding tussen God en mense (Rom. 5:10; 2 Kor. 5:18). Tweedens word aangedui dat so 'n herstel van verhoudings alleen kan plaasvind as daar voldoening is (Rom. 3:25; Heb. 2:17). Dit beteken hier dat daar 'n losprys aan God betaal moet word om sy reg wat deur die sonde geskend is, te herstel (Mark. 10:45; 1 Tim. 2:5, 6).

Nou is dit aangrypend dat, hoewel dit die mens is wat teen God gesondig het, dit God Self is wat in sy groot genade die inisiatief vir die versoening met die mens neem, want Paulus sê daarvan: “*Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen ...*” (2 Kor. 5:18).

Die versoening tussen God en mens kom duidelik na vore onder andere in 1 Petrus 3:18 waar Petrus sê: “*Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring.*” Die doel van Christus se koms na die aarde word aangedui met die woorde: “*... om julle na God te bring.*” Dit beteken om versoening tussen God en mens te bewerk. Christus kon dit egter alleen doen deurdat Hy, die onskuldige, vir die skuldiges gely het en die losprys aan God betaal het (Matt. 20:28).

Die woord *versoening* vestig dus ons aandag op wat Jesus by God gedoen het. Dit moet ons in gedagte hou om die Naam *Jesus* te verstaan: Hy het ooreenkomstig die ryk betekenis van sy Naam nie 'n menslike taak verrig nie, maar 'n taak wat deur geen mens uitgevoer sou kon word nie. Hy het vir ons verlossing bewerk, omdat sy bloed vir baie vergiet is tot vergewing van sondes (Matt. 26:28). Hy het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring deur in ons plek 'n vervloekte te word (Gal. 3:13). Dit het Hy gedoen deur sy lewe prys te gee in die dood en Homself as soenoffer vir ons sondes te offer. Hy het ons wat as sondaars en skuldiges voor God moes verskyn, liefgehad en ons met sy bloed van ons sondes verlos en van ons konings en priesters van sy God en Vader gemaak (Op. 1:5, 6).

Hieruit is dit duidelik dat ons alleen versoening met God kan verkry deur die voldoening van Christus. Dit is die kern van die Bybelse leer oor versoening (Rom. 5:10, 11).